Bibliotheek.

BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA.

# OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA.

*UITGAWE OP GESAG.* *PUBLISHED BY AUTHORITY.*

10c | Vrydag, 12 Oktober 1962 | **WINDHOEK** | Friday, 12th October, 1962 | No. 2432

**INHOUD**

**CONTENTS** *Bladsy/Page*

ALGEMENE KENNISGEWING:—

No. 73 Adverteer van Persele op Hardap: Mariental .

GENERAL NOTICE —

Advertising of Plots on Hardap: Mariental . . 1320

## Algemene Kennisgewing.

(No. 73 van 1962.)

PERSELE BESKIKBAAR OP DIE HARDAP BESPROEIINGSSKEMA: MARIENTAL

Aansoeke word ingewag vir 'n tydperk van agt weke vanaf bostaande datum vir die huur van ondergemelde persele wat beskikbaar is vir toekenning aan geskikte applikante kragtens huurkontrakte vir 'n termyn van vyf (5) jaar (en hernieubaar vir 'n verdere vyf jaar), met die opsie om die perseel op enige tyd binne die gemelde tydperk, of by verstryking daarvan, ooreenkomstig 'n voorwaardelike huurkoopkontrak wat oor 'n tydperk van dertig (30) jaar strek, aan te koop kragtens en behoudens die bepalings van die Landnedersettingswet, Proklamasie nr. 310/1927 (Unie), soos gewysig, en enige regulasies ingevolge daarvan afgekondig.

Die persele word in die eerste instansie toegeken vir 'n proeftydperk van net twaalf (12) maande teen 'n nominale huurgeld van R2 en teen betaling van die gebruiklike grondbelasting. Indien die applikant aan wie die perseel aldus toegeken is, volgens die mening van die Landraad bewys gelewer het van sy vermoë om die perseel met sukses te bewerk en te ontwikkel kan die perseel aan daardie applikant toegestaan word, kragtens die Wet soos in paragraaf een aangehaal. Indien die proefhuurder versuim om gedurende die proeftydperk die voorwaardes van die toekenning na te kom of indien, volgens die mening van die Landraad, die proefhuurder nie die perseel suksesvol bewerk en ontwikkel nie, kan die toekenning onmiddellik verval.

Die Landraad kan die tydperk van die proeftoekenning na goeddunke verleng.

H. J. STRAUSS,
Direkteur van Lande.

Windhoek.

## General Notice.

(No. 73 of 1962).

PLOTS ON THE HARDAP IRRIGATION SCHEME, MARIENTAL, FOR ALLOTMENT.

Applications will be received at the Lands Branch, Windhoek, for a period of eight weeks as from the date of this notice for the plots mentioned herein, to be disposed of on lease for a period of five (5) years (and renewable for a further five years) with the option of acquiring the land at any time during the currency of the lease, or at the expiration thereof, in terms of a Conditional Purchase Lease extending over a period of thirty (30) years, in terms of the provisions of the Land Settlement Consolidation and Amendment Proclamation, 1927, (Union), as amended, and any regulations published thereunder.

The plots will, in the first instance, be allotted provisionally for a probationary period of twelve (12) months only at an annual rental of R2 as well as the annual land tax on the property. If the Land Board is satisfied with the way in which the successful applicant has been conducting farming during the probationary period of allotment, a plot may be allotted to him in terms of the Land Settlement Laws mentioned above. If, at any time during such probationary period, the successful applicant does not comply with all the terms and conditions of the allotment, or the Land Board is of opinion that the probationary lessee does not develop the plot satisfactorily, the allotment may be cancelled forthwith.

The period of the probationary allotment may be extended at the discretion of the Land Board.

H. J. STRAUSS,
Director of Lands.

Windhoek.

| Perseel-nommer | Grootte (Hektaar) | Koopprys | Huurgeld gedurende huurtermyn van 5 jaar. 1ste jaar vry | |
|---|---|---|---|---|
| | | | 2de en 3de jaar 2% per jaar. Jaarlikse huurgeld | 4de en 5de jaar 3½% per jaar. Jaarlikse huurgeld |
| | | R | R | R |
| 2 | 13.9895 | 9,260 | 185-20 | 324-10 |
| 3 | 14.9999 | 9,250 | 185-00 | 323-75 |
| 4 | 15.0001 | 7,300 | 146-00 | 255-50 |
| 5 | 15.0000 | 9,020 | 180-40 | 315-70 |
| 6 | 15.0001 | 9,120 | 182-40 | 319-20 |
| 7 | 15.1200 | 8,700 | 174-00 | 304-50 |
| 8 | 16.0999 | 7,240 | 144-80 | 253-40 |
| 9 | 16.2298 | 7,260 | 145-20 | 254-10 |
| 10 | 15.2402 | 6,230 | 124-60 | 218-05 |
| 13 | 15.7898 | 6,140 | 122-80 | 214-96 |
| 14 | 16.1801 | 6,790 | 135-80 | 237-65 |
| 15 | 16.9201 | 6,560 | 131-20 | 229-60 |
| 16 | 19.1000 | 8,280 | 165-60 | 289-80 |
| 17 | 15.0000 | 7,500 | 150-00 | 262-50 |
| 18 | 14.9999 | 9,150 | 183-00 | 320-25 |
| 19 | 15.0001 | 7,900 | 158-00 | 276-50 |
| 20 | 16.8601 | 7,570 | 155-40 | 264-95 |
| 21 | 15.4000 | 8,170 | 163-40 | 285-95 |
| 22 | 18.8200 | 7,280 | 145-60 | 254-80 |
| 23 | 15.7001 | 6,120 | 122-40 | 214-20 |
| 24 | 14.9999 | 9,220 | 184-40 | 322-70 |
| 25 | 15.6001 | 8,720 | 174-40 | 305-20 |
| 26 | 15.1800 | 7,600 | 152-00 | 266-00 |
| 27 | 15.0001 | 6,250 | 125-00 | 218-75 |
| 29 | 16.9200 | 7,470 | 149-40 | 261-45 |
| 30 | 13.7991 | 5,480 | 109-60 | 191-80 |
| 33 | 15.1701 | 6,220 | 124-40 | 217-70 |
| 35 | 15.9499 | 6,030 | 120-60 | 211-05 |
| 37 | 15.6501 | 6,110 | 122-20 | 213-85 |
| 38 | 15.1900 | 6,800 | 136-00 | 238-00 |
| 39 | 15.2202 | 6,150 | 123-00 | 215-25 |
| 40 | 15.5999 | 6,150 | 123-00 | 215-25 |

Die Administrasie kan te eniger tyd die aanbod van 'n perseel wat in hierdie kennisgewing vermeld word, terugtrek.

VOORSKOTTE

Die Administrasie onderneem nie om voorskotte aan geslaagde applikante toe te staan nie.

UITREIKING VAN GOEWERMENTSGRONDBRIEWE

Onder besondere omstandighede kan Goewermentsgrondbriewe ten opsigte van hoewes met die Administrateur se toestemming uitgereik word voordat tien (10) jaar na die toekenning verloop het.

ALGEMEEN

Die huurkontrak bevat voorwaardes ten opsigte van bewoning, omheinings, uitspanplekke, paaie en ander voorwaardes soos dié wat gewoonlik verskyn in huurkontrakte wat ingevolge die Landnedersetting Gekonsolideerde en Wysigings Proklamasie van 1927 (Unie) uitgereik word.

Bepalings oor die onderstaande sake verskyn in die huurkontrakte:

(a) Die Administrasie kan 'n hoewe of 'n deel daarvan teen 'n betaling van vergoeding terugneem waar dit vir openbare doeleindes benodig word;

| Site number | Area (Hectare) | Purchase Price | Rental during lease-period of 5 years — 1st year free — | |
|---|---|---|---|---|
| | | | 2nd and 3rd year 2% per year. Yearly rental. | 4th and 5th year 3½% per year. Yearly rental. |
| | | R | R | R |
| 2 | 13.9895 | 9,260 | 185-20 | 324-10 |
| 3 | 14.9999 | 9,250 | 185-00 | 323-75 |
| 4 | 15.0001 | 7,300 | 146-00 | 255-50 |
| 5 | 15.0000 | 9,020 | 180-40 | 315-70 |
| 6 | 15.0001 | 9,120 | 182-40 | 319-20 |
| 7 | 15.1200 | 8,700 | 174-00 | 304-50 |
| 8 | 16.0999 | 7,240 | 144-80 | 253-40 |
| 9 | 16.2298 | 7,260 | 145-20 | 254-10 |
| 10 | 15.2402 | 6,230 | 124-60 | 218-05 |
| 13 | 15.7898 | 6,140 | 122-80 | 214-96 |
| 14 | 16.1801 | 6,790 | 135-80 | 237-65 |
| 15 | 16.9201 | 6,560 | 131-20 | 229-60 |
| 16 | 19.1000 | 8,280 | 165-60 | 289-80 |
| 17 | 15.0000 | 7,500 | 150-00 | 262-50 |
| 18 | 14.9999 | 9,150 | 183-00 | 320-25 |
| 19 | 15.0001 | 7,900 | 158-00 | 276-50 |
| 20 | 16.8601 | 7,570 | 155-40 | 264-95 |
| 21 | 15.4000 | 8,170 | 163-40 | 285-95 |
| 22 | 18.8200 | 7,280 | 145-60 | 254-80 |
| 23 | 15.7001 | 6,120 | 122-40 | 214-20 |
| 24 | 14.9999 | 9,220 | 184-40 | 322-70 |
| 25 | 15.6001 | 8,720 | 174-40 | 305-20 |
| 26 | 15.1800 | 7,600 | 152-00 | 266-00 |
| 27 | 15.0001 | 6,250 | 125-00 | 218-75 |
| 29 | 16.9200 | 7,470 | 149-40 | 261-45 |
| 30 | 13.7991 | 5,480 | 109-60 | 191-80 |
| 33 | 15.1701 | 6,220 | 124-40 | 217-70 |
| 35 | 15.9499 | 6,030 | 120-60 | 211-05 |
| 37 | 15.6501 | 6,110 | 122-20 | 213-85 |
| 38 | 15.1900 | 6,800 | 136-00 | 238-00 |
| 39 | 15.2202 | 6,150 | 123-00 | 215-25 |
| 40 | 15.5999 | 6,150 | 123-00 | 215-25 |

The Administration may at any time withdraw from allotment any plot mentioned in this notice.

ADVANCES

The Administration does not undertake to grant any advances to successful applicants.

ISSUE OF GOVERNMENT GRANTS

Government grants of plots may in special circumstances, and with the Administrator's approval, be issued before the expiry of ten (10) years from the date of allotment.

GENERAL.

The lease contains conditions relating to residence, fencing, outspans, roads and other conditions usually found in leases granted under the Land Settlement Consolidation and Amendment Proclamation, 1927 (Union).

Clauses on the following matters appear in the leases:

(a) The Administration may resume the whole or a portion of any plot on payment of compensation where it is required for public purposes.

(b) Paaie en deurgange op die grond, ongeag of hulle op die plaaskaart verskyn of nie, moet vry en onbelemmer gelaat word en die huurder van 'n hoewe moet die eienaar van die aanliggende grond die reg van deurgang oor die grond verleen.

As die opsie van aankoop uitgeoefen word, word die huurgeld wat gedurende die huurtermyn betaal word, nie van die koopprys afgetrek nie.

Om hulle eie beswil word applikante aangeraai om 'n hoewe waarvoor hulle aansoek wil doen, persoonlik te inspekteer. By die oorweging van aansoeke om hoewes staan die Landraad nie graag 'n hoewe aan applikante toe wat nie 'n persoonlike inspeksie uitgevoer het nie: 'n Applikant kan iemand anders vra om die hoewe namens hom te gaan inspekteer. Die Administrasie staan geen vervoerkonsessies in verband met besoeke aan hoewes toe nie. Na 7 Desember 1962 moet applikante by die Afdeling Lande verneem of daar nog persele beskikbaar is voordat hulle inspeksies onderneem.

Alle aansoeke moet ingedien word op die voorgeskrewe vorm verkrygbaar by die Afdeling Lande, Windhoek.

Baie aspirant applikante het reeds skriftelik navraag gedoen en aangedui dat hulle belangstel in 'n perseel op die Hardap Besproeiingsskema, maar slegs aansoeke op die voorgeskrewe vorm kan in aanmerking kom vir oorweging.

Die Afdeling Lande het hom beywer om noukeurige besonderhede oor hoewes te verstrek in hierdie kennisgewing, maar is geensins aanspreeklik vir onjuisthede, indien enige, wat mag voorkom nie.

TOEKENNINGS

In sommige gevalle kan dit gebeur dat toekennings gemaak word nog voordat huise voltooi en persele heeltemal gereed is vir okkupasie. Voorlopige toekenning word in hierdie gevalle egter opsetlik gemaak om applikante die geleentheid te gee om hulle sake in orde te bring. In sulke gevalle word die suksesvolle applikante dan mettertyd verwittig wanneer hulle in okkupasie kan tree. Die datum van sodanige kennisgewing word as die datum van toekenning beskou.

INBESITNEMING

Die suksesvolle applikant moet die perseel wat aan hom toegestaan is persoonlik en op nuttige wyse gaan bewoon binne ses weke na die datum van toekenning, en dit daarna vir minstens elf (11) maande in elke kalenderjaar aldus bewoon.

'n Huurder moet hom op boerdery toelê en sonder die skriftelike toestemming van die Administrateur verleen op 'n aanbeveling van die Landraad, mag hy geen ander beroep volg of enige betrekking beklee wat hom noodsaak om van die perseel afwesig te wees nie.

Die Administrasie behou die reg tot die registrasie van serwitute ter beskerming van bestaande en/of toekomstige dreineringslote en ondergrondse pype op die persele.

Die huurkontrak wat uitgereik word, sal 'n voorwaarde bevat om die nodige oprigting van woonhuise onderkant die hoogwatermerk te verbied.

Geen onderverdeling van persele word toegelaat nie.

Die ligging en besonderhede van buitegeboue en wonings vir werknemers wat op die skema opgerig word, sal onderhewig wees aan goedkeuring van die Administrasie.

Elke proefhuurder of huurder van 'n perseel mag nie meer dan vier (4) enkellopende nie-blanke werknemers op sy woonerf huisves nie.

Die tarief waarteen water gelewer sal word en die hoeveelheid wat toegelaat word, word van tyd tot tyd bepaal. Die Administrasie behou die reg voor om water te weier indien die grond nie die regte graad van uitdroging bereik het nie.

(b) Roads and thoroughfares on the land, whether they appear on the diagram or not, shall remain free and uninterrupted and the lessee of a plot shall grant to any neighbouring proprietor the right of way over such land.

If the option to purchase is exercised, the rental paid during the lease period shall not be deducted from the purchase price.

Applicants are advised in their own interests personally to inspect the plots they wish to apply for. In considering applications for plots the Land Board is, as a rule, not inclined to allot plots to applicants who have failed to make a personal inspection: An applicant may ask some other person to inspect the plot on his behalf. No transport concessions are given by the Administration in connection with the inspection of plots.

After the 7th December, 1962, intending applicants should ascertain from the Lands Branch whether any of the advertised plots are still available before proceeding to inspect any one of them.

All applications must be submitted on the prescribed form which can be obtained from the Lands Branch, Windhoek.

Many prospective applicants have already submitted written enquiries and indicated that they are interested in plots on the Hardap Irrigation Scheme, but it must be noted that only applications on the prescribed form will be taken into consideration.

The Lands Branch has taken every care to ensure that the particulars about plots given herein, are accurate, but it is not liable for inaccuracies, if any, that may appear.

ALLOTMENTS.

In some instances it may happen that allotments are made even before the houses have been completed or the plots are completely ready for occupation. Provisional allotments are made purposely in these cases to afford applicants the opportunity of equipping themselves.

In such cases the successful applicant will be advised in due course when occupation may be taken. The date of allotment takes effect from the date of such notice.

OCCUPATION.

The successful applicant must personally and beneficially occupy the plot allotted to him within six weeks from the date of allotment and thereafter for at least eleven (11) months in every calendar year.

A lessee must apply himself to farming operations, and may not without the written consent of the Administrator, granted on recommendation of the Land Board, engage in any profession or occupy any position which requires his absence from the plot.

The Administration reserves the right to register servitudes to secure existing and/or future drainage furrows and underground pipelines on the plots.

The lease issued will contain a condition prohibiting the erection of dwelling houses below the high water mark.

No subdivision of plots is permissable.

The situation and details of outbuildings and dwellings for employees erected on the scheme, will be subject to the approval of the Administration.

Every probationary lessee or lessee of a plot may not accommodate more than four single non-white employees on the residential plot.

The water tariff, and the amount of water allowed will be determined from time to time. The Administration reserves the right to withhold water where the soil has not dried out sufficiently.

Aanvanklik sal die watertarief soos volg wees:—

Vir die eerste 100 centimeter water wat op die besproeide vlak per jaar toegedien, is 0.04 sent per kubieke meter.

Vir die volgende 25 centimeter aldus toegedien, 0.06 sent per kubieke meter, en vir die daarpovolgende 25 centimeter 0.10 sent.

Indien 'n nedersetter dus 15 hektaar besproei sal die totaal van sy waterrekening vir die jaar soos volg wees:—

Indien hy 100 centimeter toegedien het — R 60.00.

Indien hy 125 centimeter toegedien het — R 82.50.

Indien hy 150 centimeter toegedien het — R120.00.

Die Afdeling Landbou sal advies gee aan alle nedersetters op die skema, maar die reg voorbehou om te kan voorskryf watter gewasse van tyd tot tyd gekweek moet word indien omstandighede dit regverdig. Die beplanning sal so wyd moontlik wees maar daar sal streng toegesien word dat die minimum vereistes nagekom word.

Die aanplanting van bloekom-, populier- of prosopisbome sal nie toegelaat word nie.

Dit sal 'n voorwaarde van elke huurkontrak wees dat geen organiese materiaal vernietig of verbrand mag word nie.

Sketsplanne wat die ligging van die persele aandui, kan besigtig word in die kantore van die Afdelings Lande, Waterwese en Landbou, Windhoek, en hulle takkantore te Hardap.

Initially the water tariff will be as follows: —

For the first 100 centimetres water which are supplied to the irrigation area per year 0.04 cent per cubic metre.

For the next 25 centimetres thus supplied 0.06 cent per cubic metre, and for the next 25 centimetres 0.10 cent.

If a settler irrigates 15 hectares the total of his water accounts for the year will therefore be as follows:

If 100 centimetres are supplied — R 60-00.

If 125 centimetres are supplied — R 82.50.

If 150 centimetres are supplied — R120-00.

The Agricultural Branch will give advice to all settlers on the scheme. The right is, however, reserved to prescribe what kind of crop may, from time to time be cultivated, should circumstances justify such action. The planning will have as much latitude as possible but vigorous steps will be taken to ensure that the minimum requirements will be adhered to.

The planting of bluegum, poplar or prosopis trees will not be permitted.

It will be a condition of every lease that no organic matter may be destroyed or burnt.

Sketchplans indicating the situation of the plots may be viewed at the offices of the Lands, Water Affairs and Agricultural Branches, Windhoek, and their sub-offices at Hardap.

Gedruk in Suidwes-Afrika deur / Printed in South West Africa by John Meinert (Pty) Ltd., Windhoek